Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

21 Februarie 2021

Goeie dag familie-vriend in Jesus

Kathy Buckley sê iewers, *"I have learned that faith is having the patience to wait, knowing that all things will be done in God's time. I only wished I owned one of God's watches."* Het ons nie al in die Covid19 tyd so gevoel nie, maar tog het ons iets meer as dit!

Christian Reger, wat vier jaar van die erge konsentrasiekamp in Dachau oorleef het, help ons daarmee:

"Nietzsche het gesê 'n mens kan in swaarkry vasbyt as hy die waarom van sy lewe ontdek het. Maar hier by Dachau het ek iets veel groter geleer. Ek het die Wie van my lewe leer ken. Hy was genoeg om my toe te onderhou en is genoeg om my nou nog laat te aangaan."

Aan hierdie Wie kan ons vashou toe in hierdie Covid-19 tyd. God gee aan ons die ***waarom*** van ons lewe omdat Hy die ***Wie*** van ons lewe is!

Lees gerus in hierdie brief:

- Hallo Graad 1's!
- Boodskappe van die dominees gedurende die week
- Eredienste – skakels na uitsendings (en op YouTube)
- Dankoffers – hoe werk dit?
- Deuroffer vir vandag – MHELP
- 10de Maand Offer
- Geluk aan elkeen wat die komende week verjaar
- Groentebokse
- Kerkkantoor

Wie is in Graad 1?

Almal wat vanjaar Graad 1 toe is, óf hulle ouers, moet asseblief met Hennie Fouché of die kerkkantoor kontak maak.

Boodskappe van die dominees gedurende die week – via Whattsapp en op Facebook

Terwyl daar op die oomblik nie eredienste in die kerkgebou gehou kan word nie, en omdat baie mense dit in elk geval nie kan bywoon nie, en daar ook mense is wat nie genoeg data het om die eredienste virtueel by te woon nie, stuur ons weer – op Woensdae - 'n kort videoboodskap aan diegene wat op die gemeente se Whattsapp groepe is, en ons plaas dit ook op die gemeente se facebook blad. Indien jy jou naam op die gemeente se WhattsApp groep wil plaas, laat weet asseblief een van die dominees of die kerkkantoor.

Erediens – Sondag 21 Februarie, 09:00

Ons hou nie op die oomblik eredenste in ons kerkgebou nie, maar is dankbaar dat ons wel kan voortgaan om dit lewendig uit te saai op Sondagoggende om 09:00. Die **skakel vir die uitsending** is: http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH-vjs/index.html en is lewendig vanaf ±08:45.

Skriflesing: Genesis 9:8-17
Tema: Reënboog èn die kruis – God hou Sy beloftes

Erediens op YouTube

Die diens word deur die loop van Sondag op YouTube gelaai. Die skakel daarvoor (http://www.nghottentotsholland.co.za/) is ook op die gemeente se webtuiste beskikbaar - "Liefde na Bo" → "Eredienste" en dan aan die onderkant van die blad, "Vorige Eredienste".

Teken asb in (Subscribe) op ons Youtube kanaal:

https://www.youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Jy sal dan 'n kennisgewing kry wanneer elke erediens daarop beskikbaar is.

Neem asseblief kennis dat dit ook moontlik is om slegs die klank van die preekgedeelte van die erediens te ontvang. Dit gebruik ook baie minder data. Kontak gerus vir Hennie (082 859 5646) as jy wil hê dat hy jou naam op daardie lys moet plaas.

Laat weet ons gerus hoe jy die eredienste ervaar. Stuur jou boodsksap na eredienste@nghottentotsholland.co.za, of anoniem vanaf die webblad: http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste

Dankoffers

Ons kan ons dankoffers gee met Snapscan, of deur dit elektronies oor te betaal. Die **snapscan kode** sal tydens die diens op die skerm vertoon word en ons heg dit ook aan.
As dit vir jou makliker is, of jy nie oor Snapscan beskik nie, kan jy dit gerus in die bankrekening inbetaal.
Ons gemeente se **bankbesonderhede** bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA, 2900 5900 51, Verwysing: **B**ankoffer of **D**ankoffer.

Sit asseblief die volgende verwysing by die inbetalings:

- ons maandeliks dankoffer: **d**ankoffer
- dít wat ons elke Sondag tydens die erediens in die sakkies gooi: **b**ankoffers.

Tiendemaand Dankoffer

Ons spesiale tiendemaand dankoffer insameling gaan nog voort tot einde Februarie. Ons is goed op pad om ons mikpunt van R500 000 te bereik, en is reeds by R502 648.

Wat ons is, is net genade. Wat ons het, is net geleen.

Deuroffer

Jy kan jou deuroffer ook **in die gemeente se bankrekening** inbetaal – met **die instansie se naam as verwysing** – in hierdie geval: "MES Kaapstad"

Hierdie week se deuroffer gaan aan MES Kaapstad
Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad is 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir individue, families en gemeenskappe in nood. MES volg 'n holistiese diensmodel wat hulpbehoewendes rehabiliteer en bemagtig sodat hulle op 'n volhoubare basis onafhanklike lewens kan lei.
Die holistiese diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention & intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas ens.); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig ens.) en "*sustainable exit*" (werksgeleenthede, behuising, opvolg op kliënte, ens.). MES glo dat elke persoon uniek is en daarom ontwikkel ons individuele bevorderingsplanne vir elke persoon wat ons help.

Baie geluk aan elkeen wat die volgende week verjaar:

Sondag: Rika Engelbrecht, Carl Herrer, Elmarie Smit, Dirk Taljaard, Liza van der Westhuizen.
Maandag Sarah-Lize Brink, Burger Holz, Roelf Jansen, Emma Lourens, Lizaan Swart
Dinsdag: Elize Kruger, Willie Meyer.
Woensdag: Riëtte Basson, Hein Bredenkamp, Lorraine du Toit, Alma Taljaard,
Elna van der Walt, Karo van Zyl.
Donderdag: Annatjie de Jager, Jacoba Malan, Carla Pienaar, Durk Postma, Lara van der Mewe, Lynda Viljoen.
Vrydag: Lisé Behrendt, Dalene van der Merwe, Lloyd van Rooyen.
Saterdag: Henk Delport, Elaine Human, Calvin Nell.

Groentebokse:

Ons ontvang hierdie week weer 'n groente-aflewering. Die koste beloop R150 per boks.
Die bokse kan Woensdag, 24 Februarie, by die kerkkantoor afgehaal word tussen 10:00 - 12:00.
Bestellings asb. VOOR 12:00 MAANDAG, 22 Februarie 2021.
Kontak gerus vir Yolandi per whatsapp by 084 247 2351 of stuur 'n e-pos na yolandi@nghottenttotsholland.co.za

Laat weet asb. vir Yolandi indien jy weet van iemand of 'n gesin vir wie ons met 'n groenteboks kan seën en bederf.

Die afgelope week het ons weer 5 bokse groente aan Solidariteit Helpende Hand geskenk (wat dit weer onder gesinne in die Helderbergkom versprei het). Nog 5 bokse is na die Tereo Skool in Victoriastraat waar grotendeels straatkinders skoolgaan en gevoed word. Drie ander bokse is aan gesinne geskenk. Baie, baie dankie aan elkeen wat 'n boks geskenk het.

Onthou om ons in kennis te stel as jy 'n skenking wil maak, sodat ons genoeg groente bestel. Natuurlik mag jy ook groente bestel vir jou eie gebruik.

Kerkkantoor.
Die kerkkantoor is elke dag oop tussen 08:30 -13:00. Let asseblief daarop dat net een persoon op 'n slag in die kantoor / voorportaal mag inkom. Dankie dat jy, ter wille van jouself,

en ter wille van die personeel, altyd ’n maskers sal dra en ook sal toesien dat daar altyd ten minste 1,5 meter afstand is tussen jou en ander mense.

Let asseblief daarop dat die **een inkomende telefoonlyn van die kantoor buite werking** is. As jy binne kantoorure bel, en die antwoordmasjien praat met jou – beteken dit **nie dat die kantoor toe is nie**. Dit beteken net dat iemand besig is om op die telefoon te gesels. Wag net ‘n paar minute en bel weer. Ons vertrou die lyn sal binnekort weer reg wees.

Ten slotte: By ’n gradeplegtigheid het studente hulle diplomas ontvang van die kanselier wat hulle hande geskud het en met harde stem gesê het: “Veels geluk!” En dan ’n sagter, maar ferm stem het hy vir elke gegradueerde gesê: “Hou aan beweeg!” Dis ook God se woorde aan ons “Veels geluk, maar hou aan beweeg… bly aan groei want so help ons ander wat sukkel.
Vriendelike groete.

Hennie Fouché en Ewald Jansen van Rensburg
namens die Kerkraad